God gee Genade vir Geloofsgemeenskappe

Die eerste vyf boeke van die Bybel, die Pentateug, is *die verhaal van God se genade wat geloofsgemeenskappe laat floreer*.

Van die begin af voeg God in sy genade families saam in 'n geloofsgemeenskap (*Genesis*). Sy genade word sigbaar in die konkrete lewe van hierdie geloofsgemeenskap (*Eksodus*). Sy genade word ook spesifiek sigbaar in die geloofsgemeenskap se onderlinge verhoudinge (*Levitikus*). Dit is ook duidelik dat God nie van stryk gebring word deur teenstand en wantroue in die geloofsgemeenskap nie (*Numeri*). In sy genade bring Hy self sy beloftes vir die geloofsgemeenskap in vervulling (*Deuteronomium*).

Dit is die boodskap van die Pentateug, ook genoem die ***Tora***. 'n Mens kan hierdie aspekte van God se genade vir gelowiges as volg in die vyf boeke van die Pentateug raaksien:

- ***Genesis*** begrond die verhaal van Israel in *die oorsprong van alle dinge*. Die God van Abraham, Isak en Jakob, *Elohim*, is die God van al die nasies, trouens van die hele heelal. Hy het nie net alles gemaak nie. Hy tree in verhouding met mense van die begin af soos in die verhale van die families van Adam, Noag en Abraham gesien kan word. Sy genade word van die begin af sigbaar in die ontstaan en vestiging van families as geloofsgemeenskap.

- ***Eksodus*** begrond die verhaal van Israel in *die hoop van verlossing*. Die God van Abraham is ook die God van Moses, *Jahwe*, wat sy volk deur die *trek* deur die woestyn uit die slawerny van Egipte verlos en bring na die land van die belofte. Hy sluit met hulle 'n verbond waarvan die inhoud in die wet en veral die Tien Gebooie wat op Sinai gegee is, beskryf word. God se dinamiese teenwoordigheid by sy mense word herstel deur die gawe van die *Tora* en die bou van die *tabernakel*. Sy genade word daarmee sigbaar in die konkrete lewe van die geloofsgemeenskap.

- ***Levitikus*** fokus op *verhoudinge* begrond op die opdragte van God uit die tabernakel aan Moses, die *Levitiese Kode*, wat riglyne vir die Groot Versoeningsdag verskaf sowel as die volk se verhouding met God en met mekaar soos beskryf in die *Heiligheid Kode*. Die fokus van die boek op offers en heiligheid het alles te make met verhoudinge, met God en met mekaar. Sy genade word sigbaar in die verhoudinge van die geloofsgemeenskap onderling en met God.

- ***Numeri*** is saamgestel rondom twee dele van die reisverhaal "*in die woestyn*" en vertel die verhaal van *twee generasies*. Die eerste deel vertel die verhaal van die trek van die volk van Sinai tot by die oostekant van die beloofde land. Dit eindig met die gebrek aan vertroue van die volk in God om die land in te neem en die begin van die gevolglike verdere omswerwinge in die woestyn. Die tweede deel fokus op kwessies van leierskap en priesterskap en eindig met die voorbereiding van die tweede

generasie om die beloofde land in te neem. God se genade oorkom die uitdagings wat teenstand en wantroue in die geloofsgemeenskap aan Hom stel.

- ***Deuteronomium*** fokus op die *impak van die verlede, hede en toekoms*. Dit is opgebou rondom drie "*preke*" van Moses wat hulle help om te onthou waar hulle vandaan kom, vir hulle riglyne gee om na te luister en uit te leef in 'n verbondsverhouding met die Here asook vir hulle 'n profetiese vooruitkyk gee na die lewe in die land waar vertroue op die beloftes van God lewensbelangrik sal wees. God se genade bring sy beloftes vir die geloofsgemeenskap in vervulling.

Hierdie eerste vyf boeke van die OT, die Pentateug, gee daarmee dus nie net die agtergrond vir die vestiging van die volk Israel in Kanaän nie. Die Pentateug – as geheel ook die ***Tora*** genoem – vorm ook baie spesifiek die begronding van die lewe van die geloofsgemeenskap in Israel. Aan die hand van die inhoud van hierdie vyf boeke kon die gehoorsaamheid van die volk van God getoets en beoordeel word. Die legitimiteit van hulle spiritualiteit en moraliteit is daarom ook telkens aan hulle getrouheid aan die inhoud van dié vyf boeke gemeet, soos dit in die Profete en ander Geskrifte van die OT telkens duidelik word.

Hoe lees ons die verhale in die Bybel?

Ons fokus dus in hierdie rondte van die Bybelskool op die eerste vyf boeke van die Bybel, die Pentateug. Ek gaan dit hoofstuk vir hoofstuk aan die orde stel. Ek het drie doelwitte met hierdie manier van lees van die Bybel:

- Ek fokus op die **verstaan** van die hoofstuk in sy konteks in die Bybelboek. Daarom gee ek 'n indeling van die hoofstukke, verklaar sekere eksegetiese elemente wat belangrik is, en probeer die struktuur van die verhaal wat ter sprake is, vir jou oopbreek.

- Ek gee net 'n **leeshulp** vir die hoofstuk; dit is nie 'n volledige kommentaar op die Bybelteks nie. Daarvoor moet die kommentare geraadpleeg word. Ek wil daarmee vir jou help om te luister na wat die teks vir jou sê, soos wat die Heilige Gees jou begelei.

- Ek probeer **nadenke** oor die Bybelteks stimuleer sodat jy by die betekenis daarvan vir jou lewe kan uitkom. Die Bybel is immers die Woord van God wat gemik is daarop om jou in gemeenskap met ander gelowiges te laat lewe met die oog op die koms van die koninkryk van God. Ons lewe maak saak vir God.

Hierdie benadering fokus dus op die Bybel se narratiewe karakter. Dit fokus op die geheel en die wyse waarop die onderskeie hoofstukke en boeke in die geheel inpas.

In die lees van die hoofstukke is dit goed om ‘n mentor van my, prof. Bethel Müller, se onderskeid van drie aspekte van verhale in gedagte te hou in ons lees daarvan. Verhale in die Bybel het tipies drie eienskappe of kenmerkende karaktertrekke:

- *‘n Verwysende karakter* – ons lees bv. in die Genesis-verhale van die geboorte-ervaringe van die geloof, die oorsprong van geloof. Dit help ons dus **verstaan** wat gebeur in die God-mens-verhouding. Só ook die res van die verhale in die Pentateug en regdeur die Bybel.

- *‘n Onmiddellike karakter* – ons kan onsself herken in die verhale, trouens moet onsself identifiseer met die geloofsverhale sodat ons kan deelneem in die werklikheid waarvan dit ons vertel. Dít is dus ook die uitnodiging aan jou om jouself te **identifiseer** met die wyse waarop die verhaal vertel word en die boodskap van die dele daarin wat jou aanspreek, vir jouself toe te eien.

- *‘n Illustratiewe karakter* – ons hoor in die verhale nuwe lewensmoontlikhede wat ons uitnooi om ons eie oorspronklike geloofservaringe te beleef. Die verhale in Genesis is as’t ware “lewensgroot” illustrasies wat die drakrag en handelingskrag van die geloof aandui. Dit is dus eweneens ‘n uitnodiging om jou **eie pad** met God te loop met die verhale as jou begeleidende voorbeelde.

Vir dié wat voorheen ingeskakel het by my manier van lees van die Bybel, sal prof. Bethel se invloed herken in die ***Lees***, ***Luister***, ***Leef*** metodiek wat ek telkens beklemtoon, iets wat ek maar onlangs agtergekom het. Dit is my manier om sy insigte te verwoord, maar daaroor netnou meer.

Met dié drie aspekte in gedagte in die lees van die Bybel is dit vanselfsprekend belangrik dat ons op geen manier hierdie verhale vervang met ons eie weergawe daarvan waarin net die “*boodskap*” daarvan belangrik is nie. Ons mag nie die verhale reduseer tot een of meer belangrike dogmatiese boodskappe vir vandag nie, al is die versoeking soms sterk daarvoor. Ons mag ook nie die verhale ontmitologiseer van hulle konkrete historisiteit – ek bedoel dit in die sin van werklike verhale – sodat ons uiteindelik net met ons eie weergawe daarvan sit nie.

Die verhale moet deeglik *gelees* word, intens na *geluister* word, en uiteindelik ‘n neerslag vind in die wyse waarop dit *geleef* word.

Prof. Bethel spreek daarom sterk kritiek uit op teoloë wat die teks óf verander óf verwerp en nie meer as gesaghebbend in hulle lewe aanvaar nie: “Is dit nie vreemd dat ons in die prediking ons teologiese samevatting, definisie en beredenering van die teks eerder vertrou as die vorm waarin die Heilige Gees dit Self aan ons gegee het nie?” (*Riglyne vir prediking oor die Genesisverhale*, bl. 13).

Daarmee bedoel hy dat die finale kanon van die Bybel die vorm is waarin die Heilige Gees God se boodskap aan ons verpak het, en ons sal goed doen om daarmee erns te maak presies soos dit aan ons oorgelewer is.

Dit beteken dat 'n mens 'n sterk saak daarvoor kan uitmaak dat die **eksegese** van verhalende tekste soos die Pentateug daarom die *literêre en historiese dimensies van die tekste* – die plot, karakters, kultuur en konteks – moet ontdek en analiseer. **Hermeneuties** moet ons daarna die vraag vra hoe die hoorder van die verhale vandag kan *identifiseer met die fokuspunte of koördinate* wat uit die teks na vore kom.

Ons moet in ons besig wees met die teks die punt ontdek waar die verhaal van die teks insny op ons verhaal, in ons ervaringsveld; die punt waar die teks 'n transparant word vir vandag wat óns verhaal 'n nuwe inleiding kan gee, sodat óns verhale beslissend verander en beïnvloed kan word; waar ons verhale 'n nuwe rigting kry.

Genesis – Die oorsprong van alle dinge

Die woord Genesis beteken oorsprong of begin. So lui die Griekse titel van die boek. Die Hebreeuse titel *bere^{c}sjît* beteken: *" In die begin"*. Genesis begrond daarmee die verhaal van Israel in *die oorsprong van alle dinge*.

Die God van Abraham, Isak en Jakob, *Elohim*, is die God van al die nasies, trouens van die hele heelal. Hy het nie net alles gemaak nie. Hy tree in verhouding met mense van die begin af soos in die verhale van die families van Adam, Noag en Abraham gesien kan word. Sy genade word van die begin af sigbaar in die ontstaan en vestiging van families as geloofsgemeenskappe.

Genesis in sy ontstaanswêreld

Die versoeking is daar om Genesis te lees vanuit 'n moderne paradigma en vrae aan die teks te vra wat die teks nie bedoel was om op te antwoord nie.

Genesis sal egter enigiemand teleurstel wat antwoorde soek op vrae oor die kosmologie, evolusie, geskiedenis en ander moderne wetenskaplike navorsing. Genesis en die res van die verhale van die Pentateug is nie geskryf om moderne wetenskaplike navorsingsvrae te bevredig nie. Ek gaan dus ook nie daaroor uitbrei nie, en net soms in die verbygaan kommentaar daarop lewer.

Wat 'n mens wel kan en moet doen, is om Genesis se verhale binne die konteks van sy eie ontstaanswêreld te plaas en die boodskap binne die kultuur en konteks van die tyd te lees. As 'n mens dit só lees, is dit uiters interessant dat Genesis 'n baie duidelik *alternatiewe wêreldbeeld* verskaf as wat in die res van die Ou Nabye Ooste die geval was.

Dit sal jy self kan raaksien in drie van die verhale wat ek hier kortliks beskrywe; twee van die antieke skeppingsverhale: die *Enuma Elisj* en die *Epos van Atrakhasis* sowel as een van die antieke vloedverhale: die *Epos van Gilgamesj*.

Enuma Elisj

Daar is verskeie skeppingsverhale beskikbaar in die antieke literatuur. Die Sumeries-Akkadiese *Enuma Elisj*, soms die Babiloniese Genesis genoem, is waarskynlik die bekendste. Dit is 'n gedig wat op sewe tablette geskrywe is en die totstandkoming van die wêreld beskrywe. Dit is ook later verder uitgebrei.

Daar is ooreenkomste met Genesis se skeppingsverhaal: die skepping van hemel en aarde, die chaos waters – *Tehom* in die Bybel en *Tiamat* in Akkadies – die lig wat geskep word voor die hemelliggame, en uiteraard die skepping van plante, diere en die mens. Daar is selfs 'n verband tussen orde van die inhoud van die sewe tablette wat met veral die orde asook met dele van die inhoud van die sewe skeppingsdae ooreenkom.

Dieselfde tipe ooreenkomste is ook aan te dui met ander skeppingsverhale uit die Sumeriese, Mesopotamiese, Egiptiese en Griekse literatuur en met verhale uit die res van die wêreld.

Maar, die ooreenkomste word oorskadu deur die verskille. *Tehom* word in die Bybelse verhaal nie gepersonifieer soos wat dit wel die geval is met die godin *Tiamat* in die Babiloniese verhaal nie. Die water is dus nie goddelik in die Bybelse verhaal nie. Dit is net water, anders as in die Babiloniese verhaal.

In die Bybel is daar ook net een God betrokke by die skepping, en dit is die Skeppergod self. 'n Hele reeks gode is egter betrokke in die Babiloniese soos ook in ander skeppingsverhale.

In kort, die Bybelse Genesis verhaal draai om die skepping self. Die *Enuma Elisj* draai om die skepper, Mardoek. Die *Enuma Elisj* eindig daarom by die komiese held van die verhaal, Mardoek, met die ander gode wat hom gelukwens met sy prestasies in die skepping van die wêreld, veral omdat die mense geskep is sodat die gode kan rus. Die Bybelse Genesis eindig ook by die held van die verhaal, God self, maar wat egter na sy skepping kyk en die sewende dag as gereelde rusdag vir die mense instel, en dit heilig.

Dit is dus misleidend om die verskillende verhale van oor die hele wêreld tot hul gemene faktore te reduseer net om te probeer bewys dat hulle wel dieselfde oorsprong het. 'n Enkele bron vir al die verskillende verhale of 'n groot aantal van hulle is onwaarskynlik.

Die Bybelse skeppingsverhaal is dus 'n unieke verhaal wat wel ooreenkomste vertoon met ander skeppingsverhale, maar nie op die ander verhale gebaseer is nie, en 'n eie boodskap aan ons oordra.

Epos van Atrakhasis

Nog ’n skeppingsverhaal wat met dié van Genesis vergelyk kan word, is die Sumeries-Akkadiese *Epos van Atrakhasis*. Dit beskryf ook die ontwikkeling van die mens, maar sonder om die skepping as sodanig te beskryf. Dit begin waar die kleiner gode wat die grond moes bewerk, rebelleer teen hul lot. Hulle word hiervan verlos deur die skepping van die mens wat die werk in hul plek moet doen. Die mens is ’n bevredigende plaasvervanger, maar die lawaai wat hulle maak, steur die gode se rus en hulle word in die vloed vernietig, behalwe vir die held **Atrakhasis** (ook *Utnapisjtim* en *Ziusudra* in verskillende weergawes genoem) en sy familie.

In breë trekke vertoon hierdie epos ooreenkomste met die eerste deel van Genesis. Die mens word van beide klei en ’n goddelike bestanddeel gemaak; die taak van die mens is om die aarde te bewerk; die mensdom word deur ’n vloed vernietig, behalwe vir een familie.

Maar, daar is in in die epos van Atrakhasis geen enkele “*Adam*” nie, geen afsonderlike skepping van die vrou nie, geen tuin van Eden nie, geen sondeval nie, trouens geen moraliteit nie en geen Godsverhouding nie.

Epos van Gilgamesj

Daar is ook verskeie weergawes van die vloedverhale in ander antieke godsdienstige literatuur. Die Sumeries-Akkadiese Epos van Gilgamesj, wat deel vorm van bogenoemde epos van Atrakhasis, is waarskynlik die bekendste van die vloedverhale. Daar is verskillende weergawes van die verhaal wat deur die eeue ook uitgebrei is. Die mees volledige weergawe is op twaalf tablette geskrywe soos in die biblioteek van die Assiriese koning Assurbanipal uit die 7de eeu v.C. gevind. Hy was ook verantwoordelik vir die eerste wegvoering in ballingskap van die Noordryk van Israel.

Die Epos van Gilgamesj vertoon waarskynlik van al die buite-Bybelse verhale die grootste ooreenkomste met die Bybelse verhaal, in dié geval die verhaal van Noag. Dié epos vertel hoe Gilgamesj op ‘n soektog gaan na een van sy voorouers, **Utnapisjtim** (hy word ook *Atrakhasis* en *Ziusudra* in verskillende weergawes genoem), wat onder aandrang van die god Enki (hy word ook *Ea* genoem) sy familie gered het van die verwoestende wêreldwye vloed met die bou van ’n boot. Die verhaal vertoon talle ooreenkomste met die verhaal van die Bybelse Noag.

Weereens is daar egter meer verskille as ooreenkomste tussen die Bybelse verhaal van Noag en dié van Gilgamesj. Die talle ooreenkomste dui daarop dat dit waarskynlik dieselfde gebeurtenis is as dié wat in die Babiloniese een weergegee word, bv. die diere wat saamgeneem word op die boot, die verwoesting van die mense, die duif en kraai wat uitgestuur word om te kyk of die water al gesak het ensomeer.

Dit is egter ook duidelik dat heelparty elemente van die verhaal verskil, bv. die redes vir die vloed wat in Noag se geval in die morele verval van die mensdom lê, die detail rondom die diere, die lengte van die vloed, en die uitkoms daarvan. Die belangrikste verskil is dat Noag regdeur die verhaal 'n mens in gehoorsaamheid aan God bly. Noag verkry nie die ewige lewe soos wel vir Utnapisjtim te beurt val nie. Noag word ook nie as gevolg van sy gehoorsaamheid een van die gode nie soos wat wel met Utnapisjtim die geval is nie.

Indeling

Dit is opmerklik dat die indeling van die boek Genesis op verskillende maniere gedoen kan word. Telkens gee elke indeling ook 'n unieke manier om na die inhoud van die boek te kyk en 'n oorhoofse prentjie van die boodskap van Genesis te vorm. Ek gee daarom 'n paar maniere om die boek in te deel sodat jy 'n gevoel kan begin kry van wat regtig onder die oppervlak aangaan in hierdie boek van die ontstaan en begin van alles.

Die eerste indeling is die belangrikste. Dit is die indeling van die verhaal van Genesis in twee hoofdele, hfst. 1-11 en 12-50. Daarmee is Genesis die verhaal van die:

1. **Oergeskiedenis** ('n onbepaalde tyd), wat die begin van alles vertel, met 'n fokus op vier sleutel ***gebeure***: Skepping, Sonde, Vloed en die Nasies. Dit het 'n meer universele karakter – Genesis 1-11.

2. **Aartsvaders** (ongeveer 300 jaar) wat die begin van die heilsgeskiedenis van God met sy volk – Abraham en sy "*saad*" – vertel, met eweneens vier sleutel ***karakters***: Abraham, Isak, Jakob en Josef. Dit het 'n meer verbondskarakter – Genesis 12-50.

Dit sluit goed aan by die samestellers van die boek se indeling van Genesis. Hulle het 'n geykte frase: *"Dit is die (familie)-**geskiedenis** van …"* (*tôledôt*) op elf plekke in die boek ingespan. Hierdie frase deel die boek in tien fases in (2 van dié frases handel opeenvolgend oor dieselfde geskiedenis en word daarom deur die meeste geleerdes as een onderafdeling geneem).

Die eerste vyf fases het met die verhaal van die *oergeskiedenis* te make. Die laaste vyf fases het met die verbond met die *aartsvaders* te make. Daarmee het die boek die volgende tien onderafdelings:

- Die OERGESKIEDENIS
    - Die geskiedenis van die ***hemel en aarde*** – Genesis 2:4;
    - Die boek van die geskiedenis van ***Adam*** (die "*boek*" is waarskynlik 'n skriftelike bron, die enigeste plek waar van 'n boek gepraat word in Genesis) – Genesis 5:1;
    - Die geskiedenis van ***Noag*** – Genesis 6:9;

    - Die geskiedenis van ***Noag se seuns***: Sem, Gam en Jafet – Genesis 10:1;
    - Die geskiedenis van ***Sem*** – Genesis 11:10;
- Die VERBONDSGESKIEDENIS
    - Die geskiedenis van ***Tera*** – Genesis 11:27;
    - Die geskiedenis van ***Ismael*** – Genesis 25:12;
    - Die geskiedenis van ***Isak*** – Genesis 25:19;
    - Die geskiedenis van ***Esau*** – Genesis 36:1,9 (die frase word hier twee keer gebruik, maar handel oor dieselfde nasie);
    - Die geskiedenis van ***Jakob*** – Genesis 37:2.

As ‘n mens die boek só lees, dan verwoord die indeling die tien “*families*” waarop Genesis fokus wat ook die skepping as sodanig insluit, binne die groter raamwerk van die skepping van die heelal, die nasies en Israel.

Dit is opmerklik dat drie van die sleutel karakters in die verhaal eintlik as ‘n onderafdeling van die **familiestorie** van hulle pa vertel word:

- **Abraham** is deel van ***Tera*** se storie (11:27),
- **Jakob** is deel van ***Isak*** se storie (25:19), en
- **Josef** is deel van ***Jakob*** se storie (37:2).

Dit wys net hoe integraal die verhale van individue met dié van families en geloofsgemeenskappe verweef is. Dit is ook duidelik dat die **familie lyne** van beide die “*verkose*” families en die “*verwerpte*” families aangegee word. Die verskil is egter, dat die “*verkose*” families se ***storie*** ook vertel word, maar net die ***geslagslyste*** van die “*verwerpte*” families vertel word. Die verkose families raak deel van God se storie met hierdie wêreld.

Dogmatici het hierdie twee breë temas as uitgangspunt vir die teologie geneem: *Skepping* en *Verbond* (Du Rand, König). ‘n Mens kan ook Paulus se teologie met dié twee terme beskryf veral vanuit die herinterpretasie wat sy ontmoeting met die Messias in die NT daaraan gee (Wright).

Ander indelings

Ek noem nog twee moontlikhede om Genesis in te deel. ‘n Mens kan Genesis in drie dele verdeel wat ook goeie sin van die inhoud van die boek maak. Dan is dit die verhaal van:

- Die ontstaan van die **wêreld –** Genesis 1;

- Die ontstaan van die **nasies** – Genesis 2-11;
- Die ontstaan van **Israel** – Genesis 12-50.

Ek hou ook veral van die indeling van die boek as vier Roepingsverhale wat opgebou is rondom God se beloftes (Brueggemann):

- Die **voorgeskiedenis** – die Soewereine (*sovereign*) roeping van God – Genesis 1-11;
- Die **Abraham** verhaal – die Omhelsde (*embraced*) roeping van God – Genesis 12-25;
- Die **Jakob** verhaal – die Konflikterende (*conflicted*) roeping van God – Genesis 26-36;
- Die **Josef** verhaal – die Verborge (*hidden*) roeping van God – Genesis 37-50.

Hierbenewens is dit ook opmerklik dat daar twee ander stories is wat 'n eenheid aan die boek Genesis gee. Dit brei uit op die derde aspek van God se opdrag in Genesis 1-2 aan die mens – *bewoon*, *bewerk* en ***bewaar*** – en koppel dit aan die ingryping van God se genade. Dit vind ons in die twee verhale van **God se bewaring**:

- Die storie van **Noag** – God bewaar mense in die *vloed* – Genesis 6-9;
- Die storie van **Josef** – God bewaar mense in die *hongersnood* – Genesis 37-50.

Watter een van bogenoemde indelings jy ook al kies, dit is duidelik dat dié boek 'n fundametele vertrekpunt is vir die nadenke oor God, die skepping en menswees, en die wyse waarop ons bestaan op hierdie wêreld.

Genesis 1:1-2:3 – In die begin het God die hemel en die aarde geskep

Genesis 1 is 'n gedig oor die skepping wat op digterlike en metaforiese wyse grondoortuigings oor die ontstaan en bestaan van alle dinge weergee. Dit sien 'n mens uit die sistematiese en simmetriese wyse waarop veral die middelste gedeelte oor die ses dae se skeppingswerk geskryf is.

Genesis 2 verskil hiervan deurdat dit meer in 'n verhalende styl na die skeppingsgebeure kyk. Waar die kroon van die skepping in Genesis 1 die *mens* is, is die verbintenis tussen man en vrou, die *huwelik*, die kroon van die skepping in Genesis 2. Daarom is die wyse waarop God in Genesis 2 skep baie meer intiem. Hy "*vorm*", "*blaas*", "*neem*" en "*bou*" terwyl dit in Genesis 1 baie meer formeel gebeur met die woorde "*skep*" en "*maak*".

Genesis 1:1-2:3 kan in drie dele opgedeel word:

- Die begin van tyd, ruimte en materie – Genesis 1:1-2
- Die skep van 'n plek vir alles wat lewe in ses dae – Genesis 1:3-31
- Die rus van God op die sewende dag na Hy alles voltooi het – Genesis 2:1-3

“In die begin het God die hemel en die aarde geskep.” – 1:1-2

”[1]*In die begin het God die hemel en die aarde geskep* [2]*Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef.*”

Met hierdie kernagtige eerste vers word die ontstaan van **tyd**, **ruimte** en **materie** op weergalose ekonomiese manier beskryf. Geen detail word verklap van die proses of selfs ‘n motivering daarvoor gegee nie, net maar die feit dát God die hemel en die aarde in die begin geskep het.

Ons weet nie hoe lank dit geduur het nie. Ons weet nie waaruit alles gemaak is nie. Daar staan bv. nie hier dat die hemel en die aarde uit niks gemaak is nie – *ex nihilo* – hoewel dié idee duideliker uit ander dele van die Skrif afgelei kan word (vgl. Ps. 33:6: “*Deur die woord van die Here is die hemele gemaak, deur sy bevel al die hemelliggame*”; 148:5; “*Hy het beveel en hulle is geskep*”; Joh. 1:3: ”*Alles het deur Hom tot stand gekom*”; Kol. 1:15-17: “*Alles is deur Hom [*Jesus*] en vir Hom geskep*”; Hebr. 11:3: “*die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie.*”).

Die idee speel wel uiteindelik ‘n belangrike rol in die teologie van onder andere Augustinus en Calvyn. Ons weet egter nie hoe dit presies gebeur het nie. Genesis vertel nie vir ons meer nie. Ons weet net dát dit gebeur het en dat Gód daarvoor verantwoordelik is: tyd, ruimte en materie.

Die versoeking is groot vir my om hierdie skeppingsdaad met die *Big Bang* te verbind. Ek het juis onlangs weer gelees oor die *boson* deeltjie van materie wat Peter Higgs voorspel het, en nou met Cern se eksperimente waargeneem is. Hierdie *Higgs boson*, soos dit bekend staan, was die deeltjie wat direk na die eerste millisekonde van die eerste ontploffing van materie sy werk begin doen het om aan alles wat bestaan massa te gee.

Maar dit is nie wat die skrywer hier probeer doen nie, naamlik om ‘n wetenskaplike prentjie te gee van hoe dit gebeur het nie. Hy wil doodgewoon sê, die feit dat daar iets is en nie niks nie, is aan God te danke.

In die tweede vers word twee negatiewe opmerkings oor die skepping gemaak: dat die aarde onbewoonbaar en die diep waters donker was. Daarteenoor word egter die belowende positiewe stelling gemaak dat die Gees van God oor die waters gesweef het.

Met hierdie twee verse word dus drie fundamentele stellings oor die aanvanklike skepping gemaak:

- dat **God** alles in die begin gemaak het – vers 1 (vgl. Psalm 19; Psalm 104);
- dat daar **konflik** van die begin af in die skepping was – vers 2a (vgl. Psalm 74:12-17);
- dat die **Gees** die belofte van ‘n nuwe toekoms dra – vers 2b (vgl. Psalm 136).

Vir die dieperdelwers: John Walton (*Genesis 1 as Ancient Cosmology*) werk met die idee dat die skeppingsverhaal nie soseer die materiële ontstaan van alles wat bestaan beskryf nie. Dit word as gegewe aanvaar. Die skeppingsverhaal fokus volgens hom eerder op die ***funksies*** wat God aan alles binne die heelal toegeken het. Die eerste drie skeppingsdae word dan volgens hom gespandeer aan die skep van tyd en ruimte waarbinne die waters en plante vir water- en voedselvoorsiening hulle rolle kry. Die volgende drie skeppingsdae word gespandeer aan die skep van die ***funksionarisse*** wat die ruimtes moet benut, die hemelliggame vir die seisoene en die wisseling van dag en nag, die diere in die see, die voëls in die lug, die diere op die land sowel as die mens as verteenwoordigers van God. Hy plaas dié interpretasie ook op verantwoorde wyse binne die kosmologie van daardie tyd, met talle raakpunte met ander skeppingsverhale.

Ek is versigtig vir sulke radikaal ander idees, veral omdat die belangrike derde dimensie van die heelal, materie – wat saam met tyd en ruimte ons bestaan moontlik maak en bepaal – nie genoegsaam verreken word nie. Ek sou eerder wil sê saam met Gen. 1:1 dat God al drie dimensies van die heelal op die tafel sit: "*in die begin*" – tyd; "*hemel*" – ruimte; "*aarde*" – materie. Die ses skeppingsdae wys dus hoe tyd, ruimte en materie georden word om lewe moontlik te maak, soos ek dit hierbo en hieronder uitlê.

"Toe het God gesê …" – 1:3-25

Ná hierdie aanvanklike skepping van hemel en aarde – tyd, ruimte, en materie – wy Genesis 1:3-25 uit oor wat God met die materie gedoen het binne die tyd en ruimte wat Hy geskep het.

Die volgende vier opmerkings sal jou help om sin te maak van wat op die verskillende skeppingsdae gebeur.

1. Hou in gedagte dat God regdeur ***transendent*** geteken word, d.w.s. dat Hy per definisie onafhanklik is van tyd en ruimte en dit kan hanteer soos Hy wil. Hy is soos 'n pottebakker wat met klei werk en daarmee maak wat Hy wil, soos die profete ook daaroor skryf (Jes. 29:16; Jer. 18:1-6). God is dus nie gebonde aan tyd of ruimte nie. Hy is die subjek, die Skepper. Die skepping is die objek, die materiaal waarmee gewerk word. God is dus soewerein en selfstandig.

2. Hou ook in gedagte dat die skeppingsdade wat volg die bestaande materie ***vorm en orden*** tot die skeppinge en skepsels wat God daaruit maak. Hy bepaal die reëls van die proses en die uitkomste daarvan. In dié verband hou ek baie van wat Justinus, die Christen Apologeet (en martelaar) aan die begin van die tweede eeu n.C., hieroor geskryf het. Hy was die eerste wat teologies 'n onderskeid gemaak het tussen die skepping van die ongevormde stof (*creatio*) soos wat ons dit in Genesis 1:1-2 kry, en die vormgewing daarvan (*formatio*), soos ons dit in Genesis 1:3-25 kry.

Hoewel dit ‘n meer dogmatiese onderskeid is, maak dit goeie sin van die eksegetiese materiaal van dié hoofstuk en help ‘n mens ook verstaan wat regtig aangaan in die tweede skeppingsverhaal wat in Genesis 2 opgeteken is waar vormgewing die hoofmotief is. God skep orde in die chaos, soos Hy immers op ‘n voortgaande wyse doen in die lewe van elke dag.

3. Hou in gedagte dat ons hier met ‘n ***gedig*** te doene het. God se skeppingswerk word in ses dae beskryf. Die eerste drie dae word spandeer aan die verskillende ***ruimtes*** waarin lewe moontlik word. Die laaste drie dae word gespandeer aan die verskillende ***lewende wesens*** wat daarop kan floreer. Hierdie sistematiese ordening van die ruimtes en die wesens wat daarin en daarop lewe beteken dat Genesis nie ‘n moderne wetenskaplike proses probeer beskryf nie, maar in digterlike en figuurlike vorm die wonder van God se skeppingswerk wil besing.

4. Hou dus in gedagte dat die skeppingsdae wel as werklike dae beskryf word, soos dit onder andere in die Tien Gebooie, met verwysing na die skeppingsverhaal, as uitgangspunt vir die werksweek geneem word. “*Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak …*” (Eks. 20:8-11). In Genesis word die dae egter ***figuurlik*** ingespan om in die gedig die planmatige vorming en ordening van God se skeppingswerk te beskryf. Dit sien ‘n mens in die geykte formule wat verskeie kere regdeur die gedig gebruik word: “*Dit het aand geword, en dit het môre geword. Dit was die eerste **dag**.*” Die figuurlike betekenis staan dus voorop, nie die letterlike nie.

‘n Mens sou die beskrywing van die dag in hierdie skeppingverhaal as ‘n tydperk kon neem, omdat die woord “*dag*” in Genesis 2:4 ook gebruik word in die betekenis van ‘n tydperk. Daar staan letterlik: “*die **dag** toe die Here die hemel en die aarde gemaak het.*” “*Dag*” word dus daar vir die hele tydperk van die skepping gebruik.

Die gedagte het baie ondersteuning reg deur die eeue gehad, ook by van die kerkvaders (Ireneaus – die dae was duisend jaar tydperke – en Augustinus – die dae was onbepaalde tydperke). Hulle verwys onder andere na Petrus se beskrywing van die betekenis wat tyd vir God het vir wie: “*een dag soos ‘n duisend jaar is en duisend jaar soos een dag*” (2 Pet. 3:8; vgl. Ps. 90:4).

Dit is egter nie nodig om só te dink nie. Die dae is immers nie letterlik bedoel nie, maar digterlik en figuurlik. Dit hoef ook nie met die wetenskap van vandag gesinkroniseer te word nie, omdat die skeppingsverhaal vir ‘n hele ander tyd en met ‘n ander doel geskryf is. Die “*dae*” dui slegs aan dat dit God is wat sy werk vanuit sy onafhanklike ongebondenheid *in ons tyd en ruimte* doen om orde te skep en die skepping te vorm na sy voorkeur. Selfs die dag en die nag is in elk geval sy skeppingswerke en Hy kan dit inspan soos dit Hom behaag.

Vir die dieperdelwers: Daar is uiteraard baie oor die betekenis van die woord *jôm* – "*dag*" – geskrywe. Hier is 'n paar van die verskillende betekenisse waarvoor die woord gebruik word in die Bybel sodat jy jou eie mening kan vorm. Soms is *jôm* 'n aanduiding van die "*daglig*" in kontras met die nag (Gen. 1:5). Meesal sluit *jôm* die daglig en die nag in, d.w.s 'n "*dag van 24 uur*" (ook Gen. 1:5). Soms word *jôm* vir 'n dag van *betekenis* gebruik, bv. reëndag (Eseg. 1:28) of werksdag (Eseg. 46:1) of dag van onheil (Ob. 12). Dit is ook hoe oor die "*dag van die Here*" gepraat word wat eintlik metafories 'n tydperk van oordeel beteken (Amos 5:18). Soms word *jôm* vir 'n *tydperk* gebruik (Gen. 2:4). Soms word *jôm* ook indirek vir 'n *tydperk* gebruik, soos in 'n "*dag of twee*" (Eks. 21:21) of in die betekenis van "*oestyd*" (Spr. 25:13), selfs in die betekenis van 'n *jaar* soos in die frase "*elke jaar*" (1 Sam. 1:3).

God maak die lig en skei lig van donker – Dag 1

Die eerste skeppingsdaad van God is lig. Hy skep die lig en sien dat dit goed is en skei in'n tweede aksie die lig en die donker van mekaar. Hy bring daarmee aan die een kant 'n ritme tussen die daglig en die nag wat 'n ritme vir gesonde lewe skep. Hy maak daarmee aan die ander kant 'n keuse vir die lig teenoor die duisternis, soos Hy veel later sy Seun sou stuur om die lig te word vir die mense wat in duisternis lewe (Joh. 1:4-5).

God maak die gewelf en skei die waters van mekaar – Dag 2

God maak die gewelf, dit is die uitspansel, en skei die waters van mekaar. Daar is dus water *in* die hemel en water *onder* die hemel, binne die kosmologiese beeld van daardie tyd. Terloops, sonder water sou ons glad nie kon bestaan nie. Ons liggame bestaan vir 75% uit water, en die omgewing waarin ons leef, moet waterryk wees. Ditto alle ander lewende wesens. Petrus verwys na hierdie skeppingsgebeure as 'n proses "*uit water en deur water*" (2 Pet. 3:5).

God skei die land en die see en maak die plante – Dag 3

God skei ook die waters onder die hemel van die droë grond en noem die "see" en "aarde". Sonder vaste grond sou lewe vir die mens immers nie moontlik wees nie. Sonder voedsel vir al die lewende wesens wat God sou skep, sou lewe egter ook nie moontlik wees nie. Daarom laat God die plante en bome uitspruit om kos te verskaf, die lewensmiddele wat alle lewende wesens op aarde nodig het om van te lewe.

God maak die ligte en seisoene – Dag 4

God maak die ligte aan die hemel – die son en die maan – en sorg so dat daar nie net dag en nag sal wees nie, maar 'n ritme van lewe kan wees, die seisoene, wat interessant genoeg verbind word met die hemelliggame se bewegings, soos dit inderdaad is. Hy vul dus die ruimte in die hemel. Hierdie vierde dag het daarom 'n verband met die lig wat op die eerste dag geskape is.

God maak die seediere en die voëls – Dag 5

God laat die ruimtes in die see en in die lug krioel met lewende wesens. Hierdie vyfde dag het dus ‘n verband met die droeë en nat ruimtes wat op die tweede dag geskape is. Die lewende wesens kry die opdrag om vrugbaar te wees as deel van God se seën aan hulle.

God maak die diere en die mens – Dag 6

God skep lewende wesens, mak diere sowel as wilde diere, vir die ruimte op land en gebied hulle ook om vrugbaar te wees en te vermenigvuldig om te geniet wat God hulle gegee het. Let op dat die mens as kroon van God se skeppingswerk gemaak word. Die mens is geskape nie gebore nie, ‘n belangrike onderskeid met ander skeppingsverhale. Hierdie sesde dag het dus ‘n verband met die voedsel wat op die derde dag voorsien is.

God verskaf ‘n habitat, ‘n tuiste

God se bedoeling met die ruimte van hemel en aarde was dus dat alles wat lewe ‘n plek daarop sal vind, ‘n ***habitat***, ‘n tuiste – vir mens, dier en plant. Ons kan dié bedoeling selfs sien in die manier waarop die Bybel diere en plante klassifiseer. As jy Genesis 1 deeglik lees, sien jy dat die diere nie volgens hulle anatomie en morfologie geklassifiseer word nie, maar volgens hulle ***ekologie***, hulle habitat, die plek waar hulle bly, die voëls in die *lug*, die visse in die *see,* die diere op die *aarde.* Dit is selfs waar van die mens in die *tuin*, en later in die onderskeie *streke* van die aarde waar hulle gaan woon het (Gen 2-11).

Dit wys hoe fundamenteel alles wat leef, verbind is aan *waar* hulle leef. Dit is aanvanklik selfs belangriker as dinge soos afkoms en die nageslag. Die opdrag om die aarde vol te maak (Gen 1:28), het dus te make met ’n tuiskoms, ’n habitat, vir almal: mens, plant en dier.

God maak die mens as sy verteenwoordiger en beeld

Die mens word ook as ***verteenwoordiger*** (gelykenis) en ***beeld*** van God beskryf, ‘n baie diepsinnige begrip. Daar is ook hieroor al baie geskryf. Ek gee net drie belangrike perspektiewe daarop:

- Die feit dat ons verteenwoordigers en beeld van God is, is in die eerste plek ‘n **relasionele** Dit dui die mens as in verhouding met God aan. God tree met ons in verhouding en ons kan met God in verhouding tree. Dié verhouding sluit in dat ons Hom verteenwoordig op aarde. Ons is in ‘n besondere sin gestaltes van God op aarde.

- Dit is in die tweede plek duidelik dat ons in ons ***hele menswees***, selfs in ons binêre geslagtelikheid, verteenwoordigers en beeld van God is. Menswees sluit van die begin af beide die manlike en vroulike gestalte van menswees in. Die punt is dat daar niks uitgesluit van ons bestaan wat nie deel is van ons status as beeld van God nie. Ook ons liggaamlikheid is deel van ons status as beeld van God.

- Dit is in die derde plek ook duidelik dat ons as verteenwoordigers en beeld van God ‘n baie ***spesifieke funksie*** het op die aarde wat met die drie woorde *bewoon*, *bewerk*, en *bewaar* (heers regverdig) uitgedruk word. God het mense gemaak om Hom in die aardse ekologie te verteenwoordig, om die “*tuin*” met alles daarin te bewoon, te bewerk en te bewaar (vgl. Gen 2:15). Dit is waarom God die mens in die tuin van Eden plaas en seën waaroor die volgende hoofstuk gaan handel. Dit beteken ook dat *bewoon*, *bewerk* en *bewaar* fundamenteel is tot die mense se bestaansdoel en werk in hulle tuiste op aarde.

God seën die lewende wesens

‘n Laaste belangrike perspektief uit die ses skeppingsdae, en een van die temas wat regdeur die Bybel voorkom, is die ervaring van God se seën. God seën hier die diere en voëls met vrugbaarheid en ’n ruimte om in te floreer. God seën ook die mens met vrugbaarheid en ’n ruimte om te floreer.

Dit gee ons ‘n belangrike kykie in God se hart, dat Hy nie net ‘n waarderende uitspraak maak oor die lewende wesens wat Hy geskep het nie – dit is goed – maar dat Hy inderdaad hulle seën om te floreer. Hy doen ook iets meer vir die mens, iets wat deel is van sy seën vir hulle. Hy gee die mens ’n opdrag, ’n bestaansdoel, ’n roeping vir die aarde: om die aarde te bewoon, te bewerk en te bewaar.

Dit gee ons ook ‘n dieper waardering vir wat in die NT gesê word van die seën wat ons deel in Christus is. Paulus skryf aan die Efesiërs: “*Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.*” (Ef. 1:3).

God rus van sy werk en seën en heilig die sewende dag – 2:1-3

Die eerste skeppingsverhaal sluit af met die rus van God op die sewende dag ná al die werk wat Hy gedoen het. Hy kom egter nie net self tot rus nie, maar doen ‘n verstommende ding. Hy seën en heilig die sewende dag as gereelde rusdag. Hieruit sou die voorskrif in die wet spruit dat daar ‘n ritme tussen werk en rus in die lewe van die volk moet wees (Eks. 20). In die NT sou dié rus ook as metafoor vir die rus van sonde wat God in die lewe van sy mense bring, gebruik word (Hebr. 3-4).

Die eerste skeppingsverhaal van Genesis 1 stel dus die grondoortuiging wat ons wêreldbeeld vorm: **die hemel en die aarde is God se skepping**. Hy het dit gemaak reg in die begin by die ontstaan van alles. Alles wat bestaan kom van God af. Alles. Dit beteken, **die aarde behoort aan God en alles daarop en daarin** (vgl. Ps. 8; 24; 104). Hierdie oortuiging is fundamenteel. Maak nie saak waaroor ons dink, of wat ons doen nie. Ons doen dit op God se aarde, in Sy heelal, in die ruimte wat Hy vir alles en almal **geskep** het. Hy is die **hoofkarakter** van die Skeppingsverhaal. Alles draai om Hom, want alles is deur Hom en vir Hom gemaak.